

13 Mei - HEILIG

Skrifgedeelte: Deuteronomium 7:1-11

Fokusgedeelte: Deuteronomium 7:6

Israel staan in die woestynvlakte, oos van die Jordaan. Binnekort gaan hulle Kanaän in besit neem. Maar Kanaän is nie leeg nie – dit het die verkenners gesê. Daar is sewe nasies in die beloofde land; groter en sterker as hulle!

Daarom sê die Here vir Israel: *Wanneer julle intrek, moet julle die nasies doodmaak; julle moenie met die nasies kontrakte sluit nie ... selfs nie huwelikskontrakte nie; julle moet al hulle godsdienstige strukture gaan afbreek.*

Hoekom? Hoekom gee die Here dié opdragte? Want ... Israel is 'n volk wat vir die Here jou God afgesonder is... 'n *heilige* volk.

HEILIG beteken om apart te staan, eenkant te wees – vir die Here. Ja, om heilig te wees, is om die Here s'n te wees, afgesonder vir die Here; om ter wille van die Here te bestaan. Om heilig te wees, is om vreemdeling en bywoner in die wêreld te wees (1 Pet 2:11) – omdat jy by die Here hoort!

Jy is heilig, maar nie omdat jy self so oulik is nie. Néé! Kyk maar na Israel. Hulle was nie groter en sterker as die ander nasies nie, maar die Here het hulle gekies. Die Here het hulle aan Hom gebind. Die Here het hulle vir Hom afgesonder. Die Here het belowe dat hulle sy eiendom sal wees en dat Hy hulle God sal wees. Die Here het hulle met sy liefdessorg opgepas. Die Here het hulle verlos.

Dis hoekom Israel heilig is – die Here het hulle heilig gemaak, syne gemaak!

Ek en jy, ons wat in Christus glo, ook ons is heilig – in Jesus Christus vir God afgesonder en geroep om aan Hom te behoort (1 Kor 1:2). In Christus is ons uitgekies om heilig en onberispelik voor die Vader te wees (Ef 1:4).

Kom ons leef heilig, toegewy aan die Here, afgesonder vir ons Here, deur die krag van die Gees, ons Heiligmaker (NGB, artikel 9).

Sing: Skrifberyming 2-4:1, 3

Ds PW Kurpershoek (Middelburg, Mpumalanga)